Ps. 147: 1, 2
" 25: 4, 6.
Ges. 62: 6

# Salig die Sagmoediges

Ps. 37: 1-11

Ark. 18-3-62

Matt. 5:5 - Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde be-erwe.

Daar is nie die minste twyfel daaraan dat d. wêreld hierdie stelling van Jesus X. nie glo nie, dat hulle in werklikheid dit belaglik en kindersagtig vind. „Die sagmoediges die aarde be-erwe? Vertel ons iets anders - net nie dit nie!"

Hierdie houding en uitkyk word treffend geïllustreer deur die volgende:

① 'n Spotprent wat 'n aantal jare gelede verskyn het in 'n Russiese atuistiese blad waar 'n sagmoedige van 'n galg in 'n ~~kuil~~ graf val met die onderskrif: „Salig die sagmoediges want hulle sal d. aarde be-erwe - ses voet diep"

② 'n Vraag wat iemand spottenderwys gestel het toe hy na Xtus verwys het: „Waar het hd. beskouing vir Xtus self gebring? - Hy het d. eerste slagoffer van sy eie leer geword - gespyker aan 'n Kruis"

③ 'n Gesprek met 'n besigheidsman in die stad verlede week waarin hy duidelik en beslis gesê het: Vir die Bybel en d. godsd. is dit 'n mooi leer - mr. geen sagmoedige mens kan in Joh bg besigheid doen nie. - hier moet 'n mens hard wees as jy wil ~~lewe~~ ~~[illegible]~~. Wie hier sagmoedig is, gaan ten gronde"

Dus: die alg. uitgangspt van al d. mense is dit: dis 'n pragtige ideaal en teorie mr in die praktyk werk dit nie. Die lewe is nou eenmaal so: die sterkere leef van die swakkere by mens en dier. Rampsalig is die sagmoediges - hulle be-erwe die aarde - mr. nie bo die grond nie!

Stel nou hierteen die duid. stapt wat die Skrif inneem:

① O.T.: Reeds i/d O.T. word sagmoedigheid as deug besing: a) Num 12:3 – Maar die man Moses was baie sagmoedig, meer as al d. mense op d. aardbodem

b) Psalms: Besing d. sagmoedigheid (Ps. 22:26 – Die sagmoediges sal eet en versadig word – Ps 37:11 – Die s. sal d. aarde be-erwe; Ps. 147: Die Here rig d. ootmoediges weer op

② N.T.: a) Xtus Jesus self verkondig en eis dit (Matt. 5:5) en wys op H/s as volmaakte voorbeeld van sagmoedigheid (Matt 11:29 – Neem my juk op julle en leer van My want Ek is sagmoedig en nederig van hart).

b) Paulus: hou dit voor as kenlike vrug v.d. H.Gees (Gal. 5:23) en hou nie op om d. Xtene van Korinthe en Galasie te vermaan om sagmoedigheid te beoefen nie!

→ Hoe verstaan ons dit nou? Wie is nou reg? Die wêreld of Xtus?

Ek dink ons begin nader kom a.d. ware antwoord as ons twee begrippe hier reg verstaan:

a) Wat is sagmoedigheid?

b) Wat beteken dit om d. aarde te be-erwe?

I Die sagmoediges: Wat is sagmoedigheid?

Dink weer a.d. groot figure v.d. Bybel:
Moses, die vurige vaderlander – sagmoedig;
Dawid, die begaafde leier – "
Jeremia, die versmade profeet – "
Paulus, die sterk persoonlikheid – "

Laat ons dit duidelik sê: ① Sagmoedigheid is nie 'n natuurlike begaafdheid of geestesgesteldheid wat sommige mense besit en ander nie – dis nie 'n natuurlike geaardheid wat sommige ontvang het en ander nie: dis 'n geestelike kwaliteit wat alle Xtene moet ontvang en besit. Dink aan hd. manne wie se name ek genoem het – g'n een van hulle was van nature sagmoedig en nederig nie (Moses, Dawid, Jeremia, Paulus) – hulle het eers later so geword!

② Sagmoedigheid is nie kleinmoedigheid, vreesbevangenheid, ~~gebrek aan~~ karakterswakheid, of beginselloosheid nie. Baie mense dink dat 'n sagmoedige mens iemand is wat maar altyd terwille v.d. liewe vrede stilbly en toegee, wat sy oortuigings verwater of kompromie sluit of verswyg – niks is verder v.d. waarheid nie!

③ Wat is dan sagmoedigheid? Dis die gees van egte nederigheid wat God plant en laat groei in elke mens wat homself voor God ontdek het: sy eie swakheid en tekortkominge, sy sondige aard en woord en daad. Dis die gees van iemand wat d. sondige hoogmoed en trots in h/s ontdek het en aan God oorgegee het.

[Later] Die sagmoedige mens is die mens wat sterk is omdat hy weet dat hy swak is

– Dan is d. sagmoedige mens nie meer gevul met 'n sondige oorgevoeligheid oor h/self of ander se mening van hom nie; hy probeer h/s nie verdedig of regverdig nie want hy weet dat hy sondig is, maklik foute kan maak. ~~Hy is~~ Die ware sagmoedige sal h/s dus ook nie meer bejammer nie –

Hd. gees uit hom op baie maniere in jou omgang met jou medemens:

→ Die sagmoedige is dus ~~nie~~ skerp in sy oordeel oor ander, nie ... mild in sy houding tot sondaars; hy is bereid om stil te verdra as hy onregverdig beoordeel of beklad word; hy is bereid om te luister en te leer v. ander (veral v.d. H.G.); hy is tevrede om sy hele lewe ^(toegewy) te laat in die hand v. God! Uitspraak v. sy diepste oortuiginge v. waarheid & geregtigheid!

II Die Aarde Be-erwe: Wat beteken dit? Twee dinge: ① Die sagmoediges besit reeds d. aarde. Hoe kan dit? Paulus sê in 1 Kor 3: „Alle dinge behoort aan julle; julle behoort aan Christus, en Christus aan God". Hy sê ook dat ons Christene lewe as mense wat niks het nie en tog alles besit. Dawid laat ons verstaan (Ps 24): „Die aarde behoort aan die Here, die volheid daarvan, ..." En wie dus aan die Here behoort, besit reeds d. aarde, Gods aarde. Alles wat God hom vergun & gee, ontvang en geniet hy met blydskap, en wat God hom weerhou, aanvaar hy met tevredenheid.

② Kwessie van Kompetisie, bereidheid, wins: lewendig, aktief, wakker, flink – nie so al eenheid en oproer, eg nederig v sterk.

③ Nie. nog meer: Be-erwe d. toek. hemel en aarde: (1 Kor 6) „Weet julle nie dat d. heiliges die wêreld sal oordeel nie?" „As ons kinders is, dan erfgename". Dis hd. gees van Xtus wat d. aarde gaan in besit neem gaan oorwin, gaan oorwin.